Digitally signed by Melani Hendricks
Date: 2023.02.24 14:01:43 +02'00'

Approved: James Brittain

James Brittain

SKEDULERINGSTATUS S4

1 NAAM VAN DIE MEDISYNE
VALOMA 1 poeier vir oplossing vir inspuiting
VALOMA 2,5 poeier vir oplossing vir inspuiting
VALOMA 3,5 poeier vir oplossing vir inspuiting

2 KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE SAMESTELLING
VALOMA 1: Elke flessie bevat 1,0 mg bortesomib (as 'n mannitol boroniese ester).
Alleenlik vir Intraveneuse (IV) gebruik.
VALOMA 2,5: Elke flessie bevat 2,5 mg bortesomib (as 'n mannitol boroniese ester).
Intraveneuse (IV) of subkutaneuse (SK) gebruik.
VALOMA 3,5: Elke flessie bevat 3,5 mg bortesomib (as 'n mannitol boroniese ester).
Intraveneuse (IV) of subkutaneuse (SK) gebruik.
Na hersamestelling, bevat 1 ml van die oplossing vir intraveneuse inspuiting 1 mg bortesomib.
Na hersamestelling, bevat 1 ml van die oplossing vir subkutaneuse inspuiting 2,5 mg bortesomib.
VALOMA 1: Bevat suiker (mannitol) 10 mg per flessie
VALOMA 2,5: Bevat suiker (mannitol) 25 mg per flessie
VALOMA 3,5: Bevat suiker (mannitol) 35 mg per flessie
Vir 'n volledige lys van bestanddele, sien afdeling 6.1

3 FARMASEUTIESE VORM
Poeier vir oplossing vir inspuiting. Wit tot naaswit koek of poeier.
Die hersaamgestelde oplossing is helder en kleurloos, met 'n finale pH van 4 tot 7.

4 KLINIESE BESONDERHEDE
4.1 Terapeutiese indikasies
VALOMA is aangedui as:
- Primêre behandeling van meervoudige miëloom in kombinasie met mefalaan en prednisoon.
- Monoterapie vir die behandeling van pasiënte met meervoudige miëloom wat ten minste een vorige behandeling ontvang het en wie progressiewe siekte het.
- Behandeling van terugval- of refraktoriese mantelsellimfoom vir pasiënte wat ten minste een voorafgaande behandelingslyn ontvang het, waarvan een 'n antrasiklien (of mitosantroon) en/of rituksimab moes insluit as deel van hul chemoterapie-regime.

4.2 Posologie en metode van toediening
Posologie
VALOMA 1 poeier vir oplossing vir inspuiting is beskikbaar vir:
- Intraveneuse toediening slegs in 'n konsentrasie van 1 mg/ml (as 'n 3-5 sekonde bolusinspuiting).

VALOMA 2,5 en VALOMA 3,5 poeier vir oplossing vir inspuiting is beskikbaar vir:
- Intraveneuse toediening in 'n konsentrasie van 1 mg/ml (as 'n 3-5 sekonde bolusinspuiting) of
- Subkutaneuse toediening in 'n konsentrasie van 2,5 mg/ml.

Aangesien elke toedieningsroete 'n ander hersaamgestelde konsentrasie het, moet die berekening van die volume wat toegedien moet word met versigtigheid gedoen word (sien afdeling 6.6).

VALOMA moet slegs intraveneus of subkutaan toegedien word. Intratekale toediening het tot die dood gelei.

Sien **(Hersamestellings instruksies hieronder)**

Aanbevole dosis vir monoterapie
Die aanbevole aanvangsdosis van VALOMA is 1,3 mg/m² liggaamsoppervlakte twee keer per week vir twee weke (dag 1, 4, 8 en 11), gevolg deur 'n rustydperk van 10 dae (dag 12 tot 21) in 'n 21-dag behandelingsiklus. Hierdie 3 weke-periode word as 'n behandelingsiklus beskou. Daar moet minstens 72 uur verloop tussen opeenvolgende dosisse van VALOMA. Daar word aanbeveel dat pasiënte met 'n bevestigde volledige reaksie, 2 addisionele siklusse van VALOMA verder ontvang as 'n bevestiging. Daar word ook aanbeveel dat reagerende pasiënte wat nie 'n volledige remissie bereik nie, in totaal 8 siklusse van VALOMA-behandeling ontvang. Daar is beperkte data rakende herbehandeling met VALOMA.

Aanbevole dosisaanpassings tydens behandeling en heraanvang van behandeling vir monoterapie
VALOMA behandeling moet weerhou word aan die begin van enige Graad 3-nie-hematologiese of enige Graad 4-hematologiese toksisiteit, uitgesluit neuropatie soos hieronder bespreek (sien afdeling 4.4). Sodra die simptome van die toksisiteit opgeklaar het, kan die behandeling met VALOMA weer begin word teen 'n 25 % verlaagde dosis (1,3 mg/m² verminder tot 1,0 mg/m²; 1, 0 mg/m² verminder tot 0,7 mg/m²). Indien die toksisiteit nie opgeklaar is nie, of indien dit by die laagste dosis weer voorkom, moet dit oorweeg word om VALOMA te staak.

Neuropatiese pyn en/of perifere neuropatie
Pasiënte wat VALOMA-verwante neuropatiese pyn en/of perifere neuropatie ervaar, moet hanteer word soos in die onderstaande tabel aangetoon. Pasiënte met bestaande ernstige neuropatie kan slegs met VALOMA behandel word na deeglike risiko/voordele-assessering.

Aanbevole dosisaanpassings vir VALOMA-verwante neuropatiese pyn en/of perifere sensoriese neuropatie.

Erns van perifere neuropatie	Aanpassing van dosis en regime
Graad 1 (parastesie, swakheid en/of verlies van diep tendonreflekse) sonder pyn of verlies van funksie	Geen aksie
Graad 1 met pyn of Graad 2 (beïnvloed die funksie, maar nie die daaglikse aktiwiteite nie)	Verlaag tot 1,0 mg/m²
Graad 2 met pyn of Graad 3 (beïnvloed daaglikse aktiwiteite)	Weerhou die VALOMA behandeling, totdat die simptome van toksisiteit opgeklaar het. Indien die toksisiteit opklaar, begin weer met die VALOMA behandeling en verminder die dosis tot 0,7 mg/m² en verander die behandelingskedule na een keer per week.
Graad 4 (sensoriese neuropatie wat ongeskiktheid kan veroorsaak of motoriese neuropatie wat lewensgevaarlik is of tot verlamming lei)	Staak VALOMA

Dosisbestuursriglyne vir kombinasie-terapie
VALOMA vir inspuiting word toegedien in kombinasie met orale melfalaan en orale prednisoon vir nege behandelingsiklusse van 6 weke, soos aangedui in die onderstaande tabel. In Siklusse 1 – 4, word VALOMA twee keer per week toegedien (dag 1, 4, 8, 11, 22, 25, 29 en 32). In Siklusse 5 tot 9, word VALOMA een keer per week toegedien (dag 1, 8, 22 en 29).

Aanbevole doserings regime vir VALOMA wanneer gebruik word in kombinasie met melfalaan en prednisoon vir pasiënte met vorige onbehandelde meervoudige miëloom.

Twee keer per week VALOMA (Siklusse 1 - 4)												
Week	**1**				**2**		**3**	**4**		**5**		**6**
VI (1,3 mg/m²)	Dag 1	-	-	Dag 4	Dag 8	Dag 11	Rus periode	Dag 22	Dag 25	Dag 29	Dag 32	Rus periode
m (9 mg/m²) p (60 mg/m²)	Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	-	-	Rus periode	-	-	-	-	Rus periode

Eenkeer per week VALOMA (Siklusse 5 - 9)									
Week	**1**				**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
VI (1,3 mg/m²)	Dag 1	-	-	-	Dag 8	Rus periode	Dag 22	Dag 29	Rus periode
m (9 mg/m²) p (60 mg/m²)	Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	-	Rus periode	-	-	Rus periode

VI = VALOMA; m = melfalaan, p = prednisoon

Dosisaanpassings en herinstelling van behandeling wanneer VALOMA toegedien word in kombinasie met melfalaan en prednisoon
Voor die aanvang van 'n nuwe siklus van behandeling:
- Aantal bloedplaatjies moet ≥ 70 x 10^9/L wees en die ANT moet ≥ 1,0 X 10^9/L wees.
- Nie-hematologiese toksisiteite behoort tot Graad 1 of basislyn opgeklaar het.

Dosis aanpassings tydens daaropvolgende siklusse

Toksisiteit	Dosisaanpassing of -vertraging
Hematologiese toksisiteit gedurende 'n siklus	
Indien langdurige Graad 4-neutropenie of trombositopenie, of trombositopenie met bloeding waargeneem is in die vorige siklus	Oorweeg 'n 25 % verlaging in die melfalaan dosis in die volgende siklus.
Indien die bloedplaatjie-telling ≤ 30 x 10^9/L of ANT ≤ 0,75 x 10^9/L op 'n VALOMA-doseringsdag (anders as dag 1)	VALOMA dosis moet weerhou word
Indien verskeie VALOMA dosisse in 'n siklus weerhou word (≥ 3 dosisse tydens twee keer per week toediening of ≥ 2 dosisse tydens weeklikse toediening)	VALOMA dosis moet verminder word met 1 dosisvlak (van 1,3 mg/m² tot 1 mg/m², of van 1 mg/m² tot 0,7 mg/m²)
Graad ≥ 3 *nie-hematologiese toksisiteite*	VALOMA behandeling moet weerhou word totdat die simptome van die toksisiteit tot Graad 1 of basislyn opgeklaar het. Daarna kan daar weer met VALOMA begin word met een dosisvlak verlaging (van 1,3 mg/m² tot 1 mg/m², of van 1 mg/m² tot 0,7 mg/m²) Vir VALOMA verwante neuropatiese pyn en/of perifere neuropatie, behou, en/of verander VALOMA soos uiteengesit in die tabel hierbo: "Aanbevole dosisaanpassings vir VALOMA verwante neuropatiese pyn en/of perifere sensoriese neuropatie"

Vir addisionele inligting rakende melfalaan en prednisoon, verwys na hul onderskeidelike Professionele Inligtingstukke.

Spesiale populasies
Bejaarde pasiënte
Daar is geen bewyse wat daarop dui dat dosisaanpassings in bejaardes nodig is nie (sien afdeling 4.8).
Pasiënte met nierinkorting.
Die farmakokinetika van VALOMA word nie beïnvloed deur die graad van nierinkorting nie. Dosisaanpassings van VALOMA is dus nie nodig vir pasiënte met renale ontoereikendheid nie. Aangesien dialise VALOMA konsentrasies kan verlaag, moet VALOMA toegedien word na die dialise-prosedure (sien afdeling 5.2).
Pasiënte met lewerinkorting.
Pasiënte met ligte inkorting van lewerfunksie het geen aanpassing van die aanvangsdosis nodig nie en moet volgens die aanbevole dosis van VALOMA behandel word. Pasiënte met matige of ernstige lewerinkorting moet begin word met VALOMA teen 'n verlaagde dosis van 0,7 mg/m² per inspuiting gedurende die eerste siklus, en 'n daaropvolgende dosisverhoging tot 1,0 mg/m² of verdere dosisverlaging tot 0,5 mg/m² kan oorweeg word gebaseer op die pasiënt se verdraagsaamheid (sien Tabel hieronder).

Aanbevole aanpassing van die aanvangsdosis vir VALOMA in pasiënte met lewerinkorting

Graad van lewerinkorting *	Bilirubienvlak	SGOT (AST) vlakke	Aanpassing van aanvangsdosis
Lig	≤ 1,0 x BLN	> BLN	Geen
	> 1,0 x -1,5 x BLN	Enige	Geen
Matig	> 1,5 x -3 x BLN	Enige	Verminder VALOMA tot 0,7 mg/m² in die eerste siklus. Oorweegdosis eskalasie tot 1,0 mg/m² of verdere dosisvermindering tot 0,5 mg/m² in die daaropvolgende siklus gebaseer op pasiënt verdraagsaamheid.
Ernstig	> 3 x BLN	Enige	

Afkortings: SGOT = serum glutamiese oksaloasetiese transaminase; AST = aspartaat aminotransferase; BLN = boonste limiet van die normalereeks.
*Gebaseer op NCI-orgaandisfunksie-werksgroepklassifikasie vir die kategorisering van lewerinkorting (lig, matig, ernstig).

Pediatriese populasie
VALOMA is nie in kinders en adolessente bestudeer nie. Dit moet dus nie gebruik word in die pediatriese ouderdomsgroep nie, totdat verdere data beskikbaar is.
Metode van toediening
Voorsorgmaatreëls vir toediening
Daar was noodlottige gevalle met die nie opsetlike intratekale toediening van VALOMA.
Vir IV of SK gebruik alleenlik.
MOET NIE VALOMA INTRATEKAAL TOEDIEN NIE.
VALOMA 1 is vir IV gebruik alleenlik.
Sodra dit opgelos is, onttrek die geskikte hoeveelheid van die hersaamgestelde oplossing volgens die berekende dosis gebaseer op die liggaamsoppervlakte van die pasiënt. Maak seker van die dosis en konsentrasie in die spuit voor gebruik (bevestig dat die spuit as intraveneuse toediening gemerk is). Die hersaamgestelde oplossing word toegedien as 'n 3 tot 5 sekonde intraveneuse bolusinspuiting deur 'n perifere of sentrale intraveneuse kateter gevolg deur 'n uitspoeling met 0,9 % natriumchloriedoplossing vir inspuiting. Daar moet ten minste 72 uur verloop tussen opeenvolgende dosisse van VALOMA.
VALOMA 2,5 EN VALOMA 3,5
Intraveneuse inspuiting
Sodra dit opgelos is, onttrek die geskikte hoeveelheid van die hersaamgestelde oplossing volgens die berekende dosis gebaseer op die liggaamsoppervlakte van die pasiënt. Maak seker van die dosis en konsentrasie in die spuit voor gebruik (bevestig dat die spuit as intraveneuse toediening gemerk is). Die hersaamgestelde oplossing word toegedien as 'n 3 tot 5 sekonde intraveneuse bolusinspuiting deur 'n perifere of sentrale intraveneuse kateter gevolg deur 'n uitspoeling met 0,9 % natriumchloriedoplossing vir inspuiting. Daar moet ten minste 72 uur verloop tussen opeenvolgende dosisse van VALOMA.
Subkuteuse inspuiting
Die hersaamgestelde oplossing word in die dye (regs of links) of in die buik (regs of links) ingespuit. Die oplossing moet subkutaneus ingespuit word, teen 'n hoek van 45 tot 90°. Inspuitingsplekke moet geroteer word vir opeenvolgende inspuitings. Indien lokale reaksies by die toedieningsplek plaasvind na die subkutaneuse VALOMA inspuiting, kan 'n minder gekonsentreerde VALOMA oplossing (1 mg/ml in plaas van 2,5 mg/ml) subkutaneus toegedien word of daar kan na 'n IV-inspuiting verander word. Wanneer subkutaneus toegedien, moet die toedieningsplek afgewissel word vir elke inspuiting (dy of buik). Nuwe inspuitings moet minstens 2,5 cm vanaf 'n vorige toedieningsplek gegee word en nooit in 'n area waar die plek sag, gekneus, rooi of hard is nie.
Instruksies vir hersamestelling
VALOMA 1 is vir IV gebruik alleenlik. VALOMA 2,5 en VALOMA 3,5 is vir IV of SK gebruik. Vir instruksies oor die hersamestelling van VALOMA voor toediening, sien afdeling 6.6.

4.3 Kontraindikasies
- Hipersensitiwiteit vir bortesomib, boor of enige van die onaktiewe bestanddele van VALOMA.
- Akute diffuse infiltrerende pulmonale en perikardiale siekte.
- Wanneer VALOMA in kombinasie met ander medisyne gegee word, verwys na hul Professionele Inligting vir bykomende kontraindikasies.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
Behandeling moet begin, en toegedien word onder die toesig van 'n mediese praktisyn wat ervaring het in die gebruik van chemoterapeutiese medisyne.
Intratekale toediening
Daar was noodlottige gevalle met die nie opsetlike intratekale toediening van VALOMA.
MOET NIE VALOMA INTRATEKAAL TOEDIEN NIE.
Herpes zoster virus reaktivering
Antivirale profilakse word aanbeveel in pasiënte wat met VALOMA behandel word (sien afdeling 4.8).
Pasiënte met mantelsellimfoom
Die veiligheidsprofiel van VALOMA in pasiënte met mantelsellimfoom is soortgelyk aan die wat waargeneem is in pasiënte met meervoudige miëloom. Merkbare verskille tussen die twee pasiëntpopulasies is dat trombositopenie, neutropenie, anemie, naarheid, braking en koors meer gereeld aangemeld word in die pasiënte met meervoudige miëloom as in diegene met mantelsellimfoom; terwyl perifere neuropatie, uitslag en pruritus hoër is onder pasiënte met mantelsellimfoom in vergelyking met pasiënte met meervoudige miëloom. Oor die algemeen is die veiligheidsprofiel van pasiënte wat met VALOMA behandel is in monoterapie, soortgelyk aan die wat waargeneem is in pasiënte wat behandel is met VALOMA in kombinasie met melfalaan en prednisoon.
Laboratoriumtoetse
Volledige bloedtellings (VBT), insluitende bloedplaatjie tellings, moet gereeld, gedurende die behandeling met VALOMA gemonitor word.
Gastroïntestinale toksisiteit
Gastroïntestinale toksisiteit, insluitende diarree, konstipasie, naarheid en braking is baie algemeen met VALOMA behandeling (sien afdeling 4.8). Reaksies kom gewoonlik vroeg in die behandeling voor (Siklus 1 en 2) en kan vir verskeie siklusse voortduur. Pasiënte wat behandeling opkomende gastroïntestinale toksisiteit ervaar, kan baat vind by die toediening van anti-emetika en anti-diarree behandeling. Vloeistof en elektrolietvervanging moet toegedien word om dehidrasie te voorkom of te behandel. Gevalle van ileus is aangemeld, daarom moet pasiënte wat hardlywigheid ervaar, noukeurig gemonitor word.
Hematologiese toksisiteit
Hematologiese toksisiteit (trombositopenie, neutropenie en anemie) word baie algemeen geassosieer met VALOMA behandeling. Febriele neutropenie is egter nie 'n algemene ongunstige effek nie. Die mees algemene hematologiese toksisiteit is verbygaande trombositopenie, wat gewoonlik tussen behandelingsiklusse opklaar. Bloedplaatjies is die laagste op dag 11 van elke siklus van VALOMA behandeling en herstel gewoonlik tot basislyn teen die volgende siklus. Die sikliese patroon van bloedplaatjies het afgeneem, en herstel bly konstant oor die 8 siklusse van twee keer per week doserings, en daar is geen bewyse van kumulatiewe trombositopenie nie. Die gemiddelde laagtepunt van die aantal bloedplaatjies gemeet, is ongeveer 40 % van basislyn. Ernstige bloeding, insluitende sentrale senuweestelsel (SSS) en gastroïntestinale bloeding, wat geassosieer is met trombositopenie, is aangemeld. In pasiënte met gevorderde miëloom hou die erns van trombositopenie verband met die aantal bloedplaatjies voor behandeling. Bloedplaatjietellings moet voor elke dosis VALOMA gemonitor word. Behandeling moet tydelik gestaak word wanneer die bloedplaatjietelling < 25 000/µL is, of in die geval van kombinasie met melfalaan en prednisoon, wanneer die plaatjietelling ≤ 30 000/µL is, en behoort teen 'n verlaagde dosis heringestel te word na resolusie (sien afdeling 4.2). Potensiële voordele van die behandeling moet versigtig teen die risiko's opgeweeg word. Bloedplaatjietransfusies, rooibloedsel (RBS)-transfusies en toediening van groeifaktore kan gebruik word in die hantering van hematologiese toksisiteite. Profilaktiese bloedplaatjietransfusies moet oorweeg word in pasiënte met trombositopenie met 'n hoë risiko vir bloeding. Aangesien pasiënte met neutropenie 'n verhoogde risiko vir infeksies het, behoort hulle vir tekens en simptome van infeksie gemonitor te word en onmiddellik behandel te word. Granulosiet kolonie stimulerende faktore kan toegedien word vir hematologiese toksisiteit volgens plaaslike standaardpraktyk. Proflaktiese gebruik van granulosiet kolonie stimulerende faktore moet oorweeg word in geval van herhaalde vertragings in siklustoediening.
Perifere neuropatie
VALOMA behandeling veroorsaak 'n perifere neuropatie wat hoofsaaklik sensories is. Gevalle van ernstige motoriese neuropatie met of sonder sensoriese perifere neuropatie is egter al aangemeld. Pasiënte met vooraf bestaande simptome (gevoelloosheid, pyn of 'n brandgevoel in die voete of hande) en/of tekens van perifere neuropatie sal waarskynlik erger wordende perifere neuropatie (insluitend ≥ Graad 3) ervaar tydens behandeling met VALOMA. Die voorkoms van perifere neuropatie neem vroeg tydens die behandeling toe en daar is waargeneem dat 'n hoogtepunt tydens siklus 5 bereik word. Daar word aanbeveel dat pasiënte versigtig gemonitor word vir simptome van neuropatie, soos 'n brandsensasie, hiperestesie, hipoëstesie, parestesie, ongemak of neuropatiese pyn of swakheid. Pasiënte wat nuwe of erger wordende perifere neuropatie ervaar, moet neurologiese evaluering ondergaan en dit mag nodig wees om die dosis, skedule of toedieningsroete na subkutaneus te verander (sien afdeling 4.2). Neuropatie moet met ondersteunende sorg en ander terapieë beheer word. Perifere neuropatie kan moontlik nie omkeerbaar wees nie. Vroeë en gereelde monitering met neurologiese evaluering, vir simptome van neuropatie wat tydens behandeling ontwikkel, moet oorweeg word in pasiënte wat VALOMA ontvang in kombinasie met medisyne wat daarvoor bekend is dat dit met neuropatie geassosieer word (bv. talidomied), en gepaste dosisverlaging of staking van behandeling moet oorweeg word. Bykomend tot perifere neuropatie, kan daar 'n bydrae van outonome neuropatie tot sommige ongunstige reaksies wees, soos posturale hipotensie en erge hardlywigheid met ileus. Inligting oor outonome neuropatie en die bydrae daarvan tot hierdie ongewenste effekte is beperk.
Aanvalle
Aanvalle is aangemeld in pasiënte sonder 'n vorige geskiedenis van aanvalle of epilepsie. Spesiale sorg word vereis wanneer pasiënte met enige risikofaktore vir aanvalle, behandel word.
Hipotensie
VALOMA behandeling word oor die algemeen geassosieer met ortostatiese/posturale hipotensie. Meeste van die pasiënte het behandeling benodig vir hul ortostatiese hipotensie. Pasiënte met ortostatiese hipotensie het sinkopale gebeure ervaar. Die meganisme van hierdie gebeurtenis is onbekend, alhoewel outonome neuropatie verantwoordelik kon wees vir 'n komponent hiervan. Outonome neuropatie kan verband hou met VALOMA of VALOMA kan 'n onderliggende toestand soos diabetiese- of amiloïede neuropatieë vererger. Versigtigheid word aangeraai wanneer pasiënte met 'n geskiedenis van sinkopee behandel word, wat medisyne ontvang wat bekend is daarvoor om geassosieer te word met hipotensie; of wat gedehidreer is as gevolg van herbeskikbaarheid van vloeistof of elektroliete. Die beheer van ortostatiese/posturale hipotensie is simptomaties en kan die aanpassing van antihipertensiewe medisyne, rehidrasie of toediening van minerale kortikosteroïede en/of simpatomimetika insluit. Pasiënte moet aangesê word om mediese advies in te win indien hulle simptome van duiseligheid, lighoofdigheid of floutes ervaar.
Kardiale versteurings
Akute ontwikkeling of verergering van kongestiewe hartversaking, en/of nuwe aanvang van verminderde linkerventrikulêre uitwerpingstrekkrag is met bortesomib, soos in VALOMA behandeling, gerapporteer. Pasiënte met risikofaktore vir, of bestaande hartsiekte, moet noukeurig gemonitor word. Vloeistofretensie kan 'n predisponerende faktor vir tekens en simptome van hartversaking wees. Daar was gevalle van QT-intervalverlenging in kliniese proewe; oorsaaklikheid is nie vasgestel nie. Pasiënte wat angiotensien omskakelings ensiem-inhibeerders, beta-blokkers, antihipertensiewe middels, kalsiumkanaalblokkers, angiotensien reseptorblokkeerders en diuretika gebruik, kan 'n hoër voorkoms van hartversaking tydens VALOMA behandeling hê.
Pulmonêre versteurings
Daar was verslae van akute diffuse infiltrerende pulmonale siekte van onbekende etiologie soos longontsteking, interstisiële longontsteking, longinfiltrasie en Akute Respiratoriese Noodsindroom (ARNS) in pasiënte wat VALOMA ontvang het. Sommige van hierdie gevalle was noodlottig gewees. Radiografie van die borskas voor behandeling word aanbeveel om as basislyn te dien vir potensiële longveranderinge na behandeling. In die geval van nuwe of verergerende pulmonale simptome, moet 'n diagnostiese evaluering onmiddellik uitgevoer word en pasiënte moet toepaslik behandel word.
Renale inkorting
Renale komplikasies kom dikwels voor in pasiënte met meervouldige miëloom. Sulke pasiënte moet noukeurig gemonitor word.
Hepatiese inkorting
VALOMA word deur lewerensieme gemetaboliseer. Blootstelling aan VALOMA word verhoog in pasiënte met matige of ernstige lewerinkorting. Hierdie pasiënte moet met VALOMA behandel word teen verlaagde aanvangsdosisse en moet noukeurig gemonitor word vir toksisiteite (sien afdelings 4.2 en 5.2).
Hepatiese reaksies
In pasiënte wat VALOMA en gepaardgaande medisyne ontvang het, en met ernstige onderliggende mediese toestande, is gevalle van akute lewerversaking aangemeld. Ander hepatiese voorvalle wat aangemeld is, het asimptomatiese toename in lewerensieme, hiperbilirubinemie en hepatitis ingesluit. Sodanige veranderinge kan omkeerbaar wees na staking van VALOMA (sien afdeling 4.8). Daar is beperkte heruitdagings inligting in hierdie pasiënte beskikbaar.
Tumorlise sindroom
Aangesien VALOMA 'n sitotoksiese middel is en maligne plasmaselle en mantelsellimfoom (MSL) selle kan doodmaak, kan die komplikasies van tumorlise sindroom voorkom. Die pasiënte met die risiko vir tumorlise sindroom is diegene met 'n hoë tumorlading voor die behandeling. Simptome van tumorlise sindroom is swakheid, braking, krampe, aanvalle, edeem en vloeistofoorlading, kongestiewe hartversaking, disritmieë en sinkopee. Hierdie pasiënte moet noukeurig gemonitor word en toepaslike voorsorgmaatreëls moet getref word.
Amiloïdose
Die impak van die proteasoom inhibisie deur VALOMA op versteurings wat verband hou met proteïen akkumulasie soos amiloïdose, is onbekend. Versigtigheid word aangeraai in hierdie pasiënte.
Potensiële immuunkompleks-bemiddelde reaksies
Potensiële immuunkompleks-bemiddelde reaksies, soos serumsiekte-tipe reaksie, poliartritis met uitslag en proliferatiewe glomerulonefritis, is minder algemeen aangemeld. VALOMA moet gestaak word indien ernstige reaksies voorkom.
Posterior Omkeerbare Enkefalopatie Sindroom ("PRES") of Omkeerbare Posterior Leukoënkefalopatie Sindroom ("RPLS")
Daar is verslae van PRES (RPLS) in pasiënte wat VALOMA ontvang het. PRES (RPLS) is 'n seldsame, omkeerbare, neurologiese afwyking wat kan presenteer met aanvalle, hipertensie, hoofpyn, lusteloosheid, verwardheid, blindheid en ander visuele en neurologiese steurings. Breinbeeldvorming, verkieslik MRB (Magnetiese Resonans Beelding), word gebruik om die diagnose te bevestig. VALOMA moet gestaak word in pasiënte wat PRES (RPLS) ontwikkel. Die veiligheid vir die herinstelling van VALOMA behandeling in pasiënte wat voorheen PRES (RPLS) ervaar het, is nie bekend nie.

Progressiewe multifokale leukoënkefalopatie (PML)
Baie seldsame gevalle met onbekende oorsaaklikheid van John Cunningham (JC) virusinfeksie, wat PML en dood tot gevolg gehad het, is gerapporteer in pasiënte wat behandel is met VALOMA. Pasiënte wat met PML gediagnoseer is, het vorige of gelyktydig immuunonderdrukkende terapie gehad. Die meeste gevalle van PML is binne 12 maande na hul eerste dosis VALOMA gediagnoseer. Pasiënte moet met gereelde tussenposes gemonitor word vir enige nuwe of verergerende neurologiese simptome of tekens wat op PML kan dui, as deel van die differensiële diagnose van SSS-probleme. Indien 'n diagnose van PML vermoed word, moet pasiënte na 'n PML-spesialis verwys word en toepaslike diagnostiese maatreëls vir PML moet geïnisieer word. Staak VALOMA as PML gediagnoseer word.
Gepaardgaande medisyne gebruik
Pasiënte moet noukeurig gemonitor word wanneer VALOMA in kombinasie met kragtige SIP3A4-inhibeerders toegedien word. Versigtigheid moet uitgeoefen word wanneer VALOMA met SIP3A4- of SIP2C19-substrate gekombineer word (sien afdeling 4.5). Normale lewerfunksie moet bevestig word, en versigtigheid moet uitgeoefen word in pasiënte wat orale hipoglukemiese middels ontvang (sien afdeling 4.5).
Ander bestanddele
VALOMA bevat mannitol en kan 'n lakserende effek hê.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
VALOMA is 'n swak inhibeerder van die sitochroom P450 (SIP) isosieme 1A2, 2C9, 2C19, 2D6 en 3A4. Gebaseer op die beperkte bydrae (7 %) van SIP2D6 tot die metabolisme van VALOMA, word daar nie verwag dat SIP2D6, die swak metaboliseerder fenotipe, die algehele disposisie van VALOMA sal beïnvloed nie. Gelyktydige gebruik van ketokonasool, 'n kragtige SIP3A4-inhibeerder, het 'n gemiddelde AOK-toename van bortesomib van 35 % getoon. Pasiënte moet om die rede dus noukeurig gemonitor word wanneer VALOMA toegedien word in kombinasie met kragtige SIP3A4- inhibeerders (bv. ketokonasool, ritonavier). Gelyktydige gebruik van omeprasool, 'n kragtige inhibeerder van SIP2C19, het geen beduidende effek op die farmakokinetika van bortesomib getoon nie. Gelyktydige gebruik van rifampisien, 'n kragtige SIP3A4-induseerder, het 'n gemiddelde AOK-vermindering van bortesomib van 45 % getoon. Die gelyktydige gebruik van VALOMA met sterk SIP3A4-induseerders (bv. rifampisien, karbamasepien, fenitoïen, fenobarbitoon en Johanneskruid) word dus nie aanbeveel nie, aangesien die effektiwiteit kan verminder. Deksametasoon, 'n swakker SIP3A4-induseerder, het geen beduidende effek op die farmakokinetika van bortesomib getoon nie. Gelyktydige gebruik van melfalaan-prednisoon op VALOMA het 'n toename van 17 % in gemiddelde bortesomib-AOK getoon. Dit word nie as klinies relevant beskou nie. Hipoglukemie en hiperglukemie is aangemeld in diabetiese pasiënte wat orale hipoglukemiese middels ontvang het. Pasiënte op orale antidiabetiese medisyne wat VALOMA behandeling ontvang, mag noukeurige monitering van hul bloedglukosevlakke en aanpassing van die dosis van hul antidiabetiese medisyne, vereis. Normale lewerfunksie moet bevestig word, en versigtigheid moet uitgeoefen word in pasiënte wat orale hipoglukemiese middels ontvang. Gelyktydige blootstelling aan narkotika kan die voorkoms van hardlywigheid, naarheid en braking verhoog.

Fertiliteit, swangerskap en laktasie
Kontrasepsie in mans en vrouens
Mans en vrouens wat nog kan kinders hê, moet effektiewe kontraseptiewe maatreëls gebruik tydens die behandeling en vir 3 maande na behandeling met VALOMA.
Swangerskap
Veiligheid tydens swangerskap is nog nie vasgestel nie. Indien VALOMA tydens swangerskap gebruik word, of indien die pasiënt swanger raak terwyl sy VALOMA ontvang, moet die pasiënt oor die moontlike gevare vir die fetus ingelig word.
Borsvoeding
Veiligheid tydens borsvoeding is nog nie vasgestel nie.
Dit is nie bekend of VALOMA in menslike melk uitgeskei word nie. Vanweë die moontlikheid van ernstige ongewenste effekte in babas wat geborsvoed word deur moeders op VALOMA, moet vrouens nie hul babas borsvoed terwyl hulle VALOMA ontvang nie.
Effekte op vermoë om te bestuur en gebruik van masjiene
VALOMA kan 'n matige invloed hê op die vermoë om te bestuur en om masjiene te gebruik. VALOMA kan geassosieer word met moegheid, duiseligheid, sinkopee, ortostatiese/posturale hipotensie of dowwe visie. Pasiënte moet dus versigtig wees wanneer hulle bestuur of masjiene gebruik, en moet aangeraai word om nie te bestuur of masjiene te gebruik indien hulle hierdie simptome ervaar nie.
Ongewenste effekte
a. Opsomming van die veiligheidsprofiel
Ernstige ongunstige reaksies wat nie algemeen tydens die behandeling met VALOMA gerapporteer is nie, sluit in hartversaking, tumorlisesindroom, pulmonale hipertensie, posterior omkeerbare enkefalopatiesindroom, akute diffuse infiltrerende pulmonale afwykings en selde outonome neuropatie.
Die mees algemeenste gerapporteerde ongunstige reaksies tydens behandeling met VALOMA is naarheid, diarree, hardlywigheid, braking, moegheid, koors, trombositopenie, anemie, neutropenie, perifere neuropatie (insluitend sensoriese), hoofpyn, parestesie, verminderde eetlus, dispnee, uitslag, herpes zoster en mialgie.
b. Opsomming van nadelige reaksies in tabelvorm

MedDRA Sisteem Orgaan Klas	Frekwensie	Newe-effekte
Infeksies en infestasies	Algemeen	Herpes zoster (insluitend verspreide en oftalmies), pneumonie, swaminfeksies, sepsis (insluitend septiese skok), bakteriële infeksies, boonste/onderste respiratoriese infeksies, soos brongitis, sinusitis, nasofaringitis, Herpes simplex infeksies
	Minder algemeen	Bakteremie (insluitend stafilokokkaal), influensa infeksies, toestelverwante infeksies, herpes meningoënkefalitis, pleurale infeksies, hemofilusinfeksies, sitomegalovirusinfeksie, aansteeklike mononukleose, waterpokkies, urienweginfeksies, gastroënteritis, candida infeksies, post herpetiese neuralgie, orale candidiasis, blefaritis , hordeolum, sellulitis, Hepatitis B-infeksie, brongopneumonie, virusinfeksies, velinfeksies, oorinfeksies, Stafilokokkale infeksies, tandinfeksies, meningitis (insl. bakteriese), Epstein-Barr-virusinfeksie, genitale herpes, tonsillitis, mastoditis, post-virale moegheidsindroom .
	Frekwensie onbekend	Progressiewe multifokale leukoënkefalopatie
Bloed- en limfstelselversteurings	Algemeen	Trombositopenie, febriele neutropenie, neutropenie, leukopenie, anemie, limfopenie
	Minder algemeen	Pansitopenie, hemolitiese anemie,trombositopeniese purpura, limfadenopatie, koagulopatie, leukositose
	Frekwensie onbekend	Gedissemineerde intravaskulêre koagulasie
Immuunsisteem versteurings	Algemeen	Hipersensitiwiteit
	Minder algemeen	Tipe III immuunkompleks-bemiddelde reaksies, potensiële immuunkompleks- bemiddelde reaksies, soos serumsiekte-tipe reaksie, poliartritis met uitslag en proliferatiewe glomerulonefritis (sien afdeling 4.4), angioëdeem, anafilaktiese skok, amiloïdose
Metabolisme en voedingsversteurings	Algemeen	Verminderde eetlus, hipokalemie, hiperglukemie, hiponatremie, dehidrasie, hiperkalsemie, ensiem abnormaliteite, diabetes mellitus, vogretensie
	Minder algemeen	Tumorlise sindroom (sien afdeling 4.4), hipomagnesemie, hipofosfatemie, hiperkalsemie, hipernatremie, hiperurisemie, vitamien B12-tekort, verhoogde eetlus, kageksie, vogretensie, versuim om te floreer, asidose, elektrolietwanbalans, vloeistofoorlading, hipochloremie, hipovolemie, hiperfosfatemie, vitamine B-kompleks tekort, jig, alkohol-intoleransie
Endokriene versteurings	Minder algemeen	Ontoepaslike antidiuretiese hormoon (ADH) sekresie, Cushing se sindroom, hipertiroïdisme, hipotiroïdisme
Psigiatriese versteurings	Algemeen	Angstigheid, slaapversteurings en -afwykings, depressie, insomnie
	Minder algemeen	Delirium, hallusinasie, rusteloosheid, gemoedskommelinge, geestesveranderinge, verwarring, prikkelbaarheid, abnormale drome, agitasie, psigotiese versteurings, selfmoordgedagtes, aan

SCHEDULING STATUS S4

1 NAME OF THE MEDICINE
VALOMA 1 powder for solution for injection
VALOMA 2,5 powder for solution for injection
VALOMA 3,5 powder for solution for injection

2 QUALITATIVE AND QUANTITATIVE COMPOSITION
VALOMA 1: Each vial contains 1,0 mg of bortezomib (as a mannitol boronic ester). Intravenous (IV) use only.
VALOMA 2,5: Each vial contains 2,5 mg bortezomib (as a mannitol boronic ester). Intravenous (IV) or subcutaneous (SC) use.
VALOMA 3,5: Each vial contains 3,5 mg bortezomib (as a mannitol boronic ester).
Intravenous (IV) or subcutaneous (SC) use.
After reconstitution, 1 ml of solution for intravenous injection contains 1 mg bortezomib.
After reconstitution, 1 ml of solution for subcutaneous injection contains 2,5 mg bortezomib.
VALOMA 1: Contains sugar (mannitol) 10 mg per vial
VALOMA 2,5: Contains sugar (mannitol) 25 mg per vial
VALOMA 3,5: Contains sugar (mannitol) 35 mg per vial
For full list of excipients, see section 6.1

3 PHARMACEUTICAL FORM
Powder for solution for injection. White to off-white cake or powder.
The reconstituted solution is clear and colourless, with a final pH of 4 to 7.

4 CLINICAL PARTICULARS
4.1 Therapeutic indications
VALOMA is indicated as:
- Primary treatment of multiple myeloma in combination with melphalan and prednisone.
- Monotherapy for the treatment of patients with multiple myeloma who have received at least one prior therapy and who have progressive disease.
- Treatment of relapsed or refractory mantle cell lymphoma for patients who have received at least 1 prior line of therapy, one of which should have included an anthracycline (or mitoxantrone) and/or rituximab as part of their chemotherapy regimen.

4.2 Posology and method of administration
Posology
VALOMA 1 powder for solution for injection is available for:
- Intravenous administration only at a concentration of 1 mg/ml (as a 3-5 second bolus injection).

VALOMA 2,5 and VALOMA 3,5 powder for solution for injection is available for:
- Intravenous administration at a concentration of 1 mg/ml (as a 3-5 second bolus injection) or
- Subcutaneous administration at a concentration 2,5 mg/ml.

Because each route of administration has a different reconstituted concentration, caution should be used when calculating the volume to be administered (see section 6.6).

VALOMA should only be given by the intravenous or subcutaneous route. Intrathecal administration has resulted in death.

See (**Reconstitution instructions below**).

Monotherapy recommended dosage
The recommended starting dose of VALOMA is 1,3 mg/m² body surface area twice weekly for two weeks (days 1, 4, 8, and 11) followed by a 10-day rest period (days 12 to 21) in a 21-day treatment cycle. This 3-week period is considered a treatment cycle. At least 72 hours should elapse between consecutive doses of VALOMA. It is recommended that patients with a confirmed complete response receive 2 additional cycles of VALOMA beyond a confirmation. It is also recommended that responding patients who do not achieve a complete remission receive a total of 8 cycles of VALOMA therapy. There is limited data concerning re-treatment with VALOMA.

Recommended dose adjustments during treatment and re-initiation of treatment for monotherapy
VALOMA treatment must be withheld at the onset of any Grade 3 non-haematological or any Grade 4 haematological toxicities, excluding neuropathy as discussed below (see section 4.4). Once the symptoms of the toxicity have resolved, VALOMA treatment may be re-initiated at a 25 % reduced dose (1,3 mg/m² reduced to 1,0 mg/m²; 1 ,0 mg/m² reduced to 0,7 mg/m²). If the toxicity is not resolved or if it recurs at the lowest dose, discontinuation of VALOMA must be considered.

Neuropathic pain and/or peripheral neuropathy
Patients who experience VALOMA related neuropathic pain and/or peripheral neuropathy are to be managed as presented in the table below. Patients with pre-existing severe neuropathy may be treated with VALOMA only after careful risk/benefit assessment.

Recommended dose modifications for VALOMA related neuropathic pain and/or peripheral sensory neuropathy.

Severity of peripheral neuropathy	Modification of dose and regimen
Grade 1 (paresthesia, weakness and/or loss of deep tendon reflexes) with no pain or loss of function	No action
Grade 1 with pain or Grade 2 (interfering with function but not activities of daily living)	Reduce to 1,0 mg/m²
Grade 2 with pain or Grade 3 (interfering with activities of daily living)	Withhold VALOMA treatment until symptoms of toxicity have resolved. When toxicity resolves re-initiate VALOMA treatment and reduce dose to 0,7 mg/m² and change treatment schedule to once per week.
Grade 4 (sensory neuropathy which is disabling or motor neuropathy that is life threatening or leads to paralysis)	Discontinue VALOMA

Dose management guidelines for combination therapy
VALOMA for injection is administered in combination with oral melphalan and oral prednisone for nine 6-week treatment cycles as shown in the table below. In Cycles 1-4, VALOMA is administered twice weekly (days 1, 4, 8, 11, 22, 25, 29 and 32). In Cycles 5 to 9, VALOMA is administered once weekly (days 1, 8, 22 and 29).

Recommended dosage regimen for VALOMA when used in combination with melphalan and prednisone for patients with previously untreated multiple myeloma

Twice weekly VALOMA (Cycles 1 - 4)												
Week	**1**				**2**		**3**	**4**		**5**		
VI (1,3 mg/m²)	Day 1	-	-	Day 4	Day 8	Day 11	Rest period	Day 22	Day 25	Day 29	Day 32	Rest period
m (9 mg/m²) p (60 mg/m²)	Day 1	Day 2	Day 3	Day 4	-	-	Rest period	-	-	-	-	Rest period

Once weekly VALOMA (Cycles 5 - 9)									
Week	**1**				**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
VI (1,3 mg/m²)	Day 1	-	-	-	Day 8	Rest period	Day 22	Day 29	Rest period
m (9 mg/m²) p (60 mg/m²)	Day 1	Day 2	Day 3	Day 4	-	Rest period	-	-	Rest period

